VOLUME 1/2006

MEI/MAY 2006

HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL

STRUISIEBONDER

# BERTHA LE ROUX MEJ SA TIENER !


**Getrou aan Struisietradisie, het Hoërskool Oudtshoorn weer 'n nasionale skoonheid opgelewer - hierdie keer die 2006 Mej SA Tiener ! Daarmee volg sy in die voetspore van Wilma van der Bijl wat in 1995 Mej Suid-Afrika was.**

Dié Mej. SA Tienerkompetisie was die eerste groot kompetisie waaraan Bertha ooit deelgeneem het. Haar optrede dié aand was egter dié van 'n gesoute deelnemer. Dit was egter vir haar 'n nuwe en vreemde ervaring, Aldus Bertha.

Haar ma, me Annemarie le Roux, haar suster Steffi en me Isabel v d Berg van Mod-Co Model Corporation, was die aand in die gehoor by Sun City om Bertha te ondersteun. Volgens Isabel het nog 'n Mej. SA, Amy Kleynhans, Bertha aangemoedig om deel te neem.

Haar pa, die alombekende André [Beeste] le Roux, het sommer by die deur uitgehardloop toe hy hoor sy het gewen !

Ook haar alma mater het groot bewondering vir Bertha en spog graag met hierdie lojale Struisie. Die skoolhoof, mnr. Johan Claassen, het dit só mooi saamgevat in die skool se huldeblyk :



Betha le Roux

**Hierdie glanstitel span die kroon op**

- **haar vriendelike, sprankelende, nederige persoonlikheid**
- **haar volgehoue akademiese toewyding en prestasie**
- **haar vaardigheid en deursettingsvermoë op die hokkieveld**
- **haar dinamiese, besielende leierskap en**
- **haar voorbeeldige, inspirerende lojaliteit jeens Struisieland !**

Struisiebond en al sy lede is baie trots op hierdie mooi Struisie !

**In hierdie uitgawe**


| | |
|---|---|
| OUD-SKOOLHOOF GEGROET | 2 |
| DA VINCI-KONNEKSIE | 2 |
| AD ASTRA-KOOR PUIK | 3 |
| KORTNUUS | 3 |
| MADRÉ TOP STUDENT | 3 |
| ENB STRUISIEDAG OP TV | 4 |
| WIKUS - SA KAMPIOEN | 4 |


**Vir die 2006-kalender...**

| | |
|---|---|
| 3-8 Julie : | LS CRAVENWEEK |
| 22 | SPORTDAG vs GIM |
| 27 | GROOT BRAG |
| 28 | MANNE-AAND |
| 29 | ENB STRUISIEDAG |
| 03 Aug | OPE-AAND |
| 19 | SPORTDAG vs PAARL GIM |

# STRUISIES SE DA VINCI-KONNEKSIE

Struisieland het ook 'n belang by die veelbesproke spanningsfliek *The Da Vinci Code* wat tans in Suid-Afrika draai. Michael Goosen, oud-Struisie en prefek, was die produksie-rekenmeester van dié omstrede rolprent wat gegrond is op die roman van Dan Brown wat alreeds meer as 40 miljoen eksemplare wêreldwyd verkoop het.

Michael is in Kaapstad gebore, maar het sy laerskoolloopbaan aan LS Van Reede voltooi. In 1977 matrikuleer hy aan Hoërskool Oudtshoorn waar hy ook 'n prefek was. Daarna behaal hy die regsgraad LL.B. aan die Universiteit van Kaapstad. Na sy weermagopleiding verlaat hy Suid-Afrika en woon hy al die afgelope 18 jaar in Los Angeles in die VSA. Hy werk voltyds as produksie-rekenmeester in die rolprentbedryf.

Michael was ook betrokke by ander bekende rolprente soos ***Stealth, S.W.A.T., Lake Placid, Urban Legends, The Parent Trap, The Glimmerman en Enough Glitter.*** **Struisies is baie trots op Michael !**



**George van Rensburg**

# STRUISIES GROET OOM GEORGE

Mnr. Esias George van Rensburg, vanaf 1968 tot 1988 (20 jaar) hoof van Hoërskool Oudtshoorn, is op 4 Maart in die ouderdom van 77 jaar oorlede.
Mnr. Van Rensburg het aan Hoërskool Voortrekker in Wynberg gematrikuleer waarna hy sy onderwysopleiding aan die Paarlse Opleidingskollege ondergaan het. B.A. aan die Universiteit van Kaapstad en B. Ed. aan die Universitieit van Stellenbosch het verder bygedra tot sy onderwysmondering.
In 1951 begin hy sy onderwysloopbaan aan die Observatory Boys' High School. Sy eerste bevorderingspos was dié van vise-hoof aan die Sweet Valley Primêre Skool. In 1964 word hy bevorder tot skoolhoof op Alice en in 1965 tot skoolhoof van die Hoërskool Fort Beaufort. Vanaf Julie 1968 was hy skoolhoof van die Hoërskool Oudtshoorn.
As the second headmaster of the newly established High School, Mr Van Rensburg involved himself completely in facing his new challenge. His influence was soon evident, not only on the school and its pupils, but also on the entire community.
Mr Van Rensburg's involvement during his career was not confined to educational areas only. He was an outstanding sportsman, representing W.P. in athletics as a discus-thrower, and both Boland and Western Province in rugby, between 1948 and 1952. As a rugby player he made his mark to the extent that he was in contention for selection for the Springbok team of 1952 – 1953.
Mnr. Van Rensburg was 'n veelsydige mens: 'n onderwysman, sportman, kultuur- en gesinsmens. Hy sal veral onthou word vir sy vriendelikheid, sy besondere fyn sin vir humor, sy groot voorraad kwinkslae, asook vir sy twee groot liefdes nl. sy vak, Geskiedenis, en sy stokperdjie, diepseehengel. Van hom het die sterk invloed uitgegaan wat die karakters van duisende jong seuns en dogters oor die hele land help vorm en bou het.
The school pays tribute to Mr George van Rensburg for two decades of devoted service. He guided his school through changing and difficult times, to the attainment of remarkable standards in a variety of pursuits. More importantly, he imparted to the ethos of the school the best human qualities – compassion, tolerance, care – which are ultimately more valuable.
As Struisie-skoolgemeenskap betuig ons graag ons diepste meegevoel met mev. Marie van Rensburg en die kinders. Ons treur saam met julle en bid dat julle in hierdie hartseerdae jul krag en vertroosting sal vind in Hom wat alleen die antwoorde op al ons hoekoms en waaroms ken.
Hoërskool Oudtshoorn eer die nagedagtenis van George van Rensburg en sal die spore wat hy op ons bodem nagelaat het, nog baie jare met tere herinnering vertroetel.

**Van : Alle huidige en voormalige Struisies**
**8 Maart 2006**

# MADRÉ TOPS!

Madré Lategan, oud-hoofmeisie van Struisies [2003] en tans derdejaar arbeidsterapiestudent aan Kovsies, is pas aangewys as een van die top 15% akademiese studente van die Universiteit van die Vrystaat.

Hierdeur is sy lidmaatskap van die **Golden Key International Honor Society** aangebied. Hierdie lidmaatskap geskied slegs op uitnodiging.

Madré het die afgelope twee jaar al haar vakke met onderskeiding geslaag. Voorwaar 'n trotse prestasie vir hierdie oud-Struisie.

**Alle Struisies en oud-Struisies is trots op Madré !**

**PUIK 18 A-GEMIDDELDES IN 2005 !**

**Lees jou STRUISIEBONDER op www.oudhs.co.za**

# KORT NUUS ...

- AD ASTRA-KOOR WEN WES-KAAP KOORKROON ! NEEM NOU AAN DIE FINAAL VAN DIE SA KORE EISTEDDFOD IN RANDBURG DEEL [2 JULIE 2006]. STRUISIES IN DIE NOORDE KAN HULLE GERUS GAAN ONDERSTEUN.
- MARLI VAN WYNGAARD IS TANS JOERNALIS BY DIE *EIKESTADNUUS* OP STELLENBOSCH
- DIE VERVAARDIGER VAN *DNA STRINGS* SE NUUTSTE CD, *NOMAD,* IS DIE OUD-STRUISIE HELMUT MEIJER.
- MATTHYS MAREE, OUD-STRUISIE, HET DIE *SAMA TOEKENNING* VIR DIE BESTE ALBUM VAN DIE JAAR. *GODINNE OP DIE GRONDPAD,* ONTVANG.

Het jy al jou ledegeld vir die Struisiebond betaal ?
Kontak Joènie Vivier by 044-2791623

# AD ASTRA-KOOR REIK NA DIE STERRE !

Mev. Elmine en mnr. Danie Bester het in Februarie besluit om hul wydbekende Ad Astra-koor van Hoërskool Oudtshoorn vir die Suid-Afrikaanse Nasionale Kore Eisteddfod in te skryf.

Hul suksesverhaal het op 25 April in die George Burgersentrum begin waar hulle die Suid-Kaap/ Karoo Streekkompetisie met hul puik optrede loshande gewen het. Groot was die vreugde en trots toe hulle Sondag 14 Mei in Kaapstad ook die Wes-Kaapse Provinsiale Kore Eisteddfod-titel ingepalm het!



En nou wag die GROTE! Op Sondag 2 Julie kompeteer ons Ad Astra-koor van 70 lede in die Randburg Dome teen die ander 8 provinsiale kampioene om die Suid-Afrikaanse Nasionale Kore Eisteddfod-kampioen van 2006 te bepaal.

**Ons glo dat dié gesogte titel binne die Struisies se bereik is en hou almal STYF duim vas!**




SPORT

**HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL**

STRUISIEBOND
Posbus/P.O.Box 194
OUDTSHOORN 6620
6620

Tel : 044-2791623 x 222
Fax: 044-2725365
Email : struisiebond@oudhs.wcape.school.za

## *STRUISIEBOND*

# ENB STRUISIEDAG 2006

Geen oud-skolier moet vanjaar se ENB Struisiedag misloop nie ! Die wedstryd word op 29 Julie om 14:00 direk op Supersport gebeeldsend as deel van ENB se Classic Clashes-reeks.

Om Struisiedag nog meer impetus te gee, spog Struisies vanjaar met 'n gevaarlike 0/19A-rugbyspan. Sien jou daar!




**Hier ontvang Schoeman Laubscher, 0/19A-rugbykaptein, die rugbyklere van die borg [en oud-skolier] Pieter van Greunen en Louis Engels van Suid-Kaap Finansiële Dienste.**

## STRUISIE-KRIEKET SPOG MET PRO 20-TITEL !

Die afgelope seisoen het die Struisies se eerste krieketspan deel gevorm van die **ANDRAG AGRI- CO PRO 20 KRIEKETTOERNOOI** op Mosselbaai. Die ander drie top krieketskole in die SWD, naamlik Outeniqua, Punt en Langenhoven Gimnasium, het die viertal volgemaak.

Hoërskool Oudtshoorn is geloot om in die eerste rondte teen die hoogaangeskrewe Kwaggas te speel. Struisies verras vriend en vyand deur die Kwaggas uit te skakel. HS Oudtshoorn kolf eerste en teken 185/3 in 20 beurte aan. Die beste kolwers was Erinn Ewerts [50 n.u.n.], Ranwill Claassen [46] en Sammy-Joe Avontuur [46]. Kwaggas gaan kolf en word in hulle kolfbeurt tot 179 lopies beperk. **Struisies wen met 6 lopies.**

In die finaal speel twee Oudtshoornskole, Struisies en Langenhoven Gimnasium, teen mekaar. Gim kolf eerste en word beperk tot 125 lopies. Struisies se beste boulers was Sammy-Joe Avontuur [4-27-3], Erinn Ewerts [2-15-1] en Emmerson Carelse [4-30-3]. Struisies gaan kolf en in die 19e boulbeurt slaan hulle die wenlopies. HS Oudtshoorn wen met 8 lopies. Die beste kolwers was Sammy-Joe Avontuur [43 n.u.n.] en Erinn Ewerts [41 n.u.n.].

Baie geluk aan mnr. Danie Oosthuizen [afrigter] en sy eerste krieketspan met hierdie puik prestasie.

## SA KAMPIOEN !

Wikus Lombard, spogatleet van Struisies, het die afgelope seisoen weer gewys dat daar min tweekampatlete in Suid-Afrika is wat by hom kan kers vashou. Hy wen die goue medalje en word dan ook die SA kampioen vir S/13. Wikus het ook die SA-rekord vroeër vanjaar tydens die Highgatebyeenkoms verbeter.






# STRUISIEBOND

## HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL

POSBUS/ P.O.BOX 194 OUDTSHOORN 6620

TEL 044-2791623 e.mail : struisiebond@oudhs.wcape.school.za

### LIDMAATSKAPVORM / MEMBERSHIP FORM

*DUI AAN MET X / INDICATE WITH X*

OUDSKOLIER / EX-SCHOLAR ☐ ONDERSTEUNER / SUPPORTER ☐ OUDONDERWYSER / EX-TEACHER ☐

VAN / SURNAME : ______________________________

NOOIENSVAN / MAIDEN NAME : ______________________________

VOORNAME / FIRST NAMES : ______________________________

ADRES / ADDRESS : ______________________________

______________________________

KODE / CODE : ______________

e-pos / e.mail : ______________________________

TEL: KODE/CODE :__________NR/NO :______________________________

MATRIEKJAAR / MATRIC YEAR : ______________________________

**LEDEGELD / MEMBERSHIP FEE : R50 p.a.**

BETALING / PAYMENT : TJEK / CHEQUE : ☐

DIREK / DIRECT : ☐ STRUISIEBOND, NEDBANK, OUDTSHOORN, 2688310401